**Sondag 11 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 9:1-11**
**Fokusgedeelte: Psalm 9:11**

## Wanneer jy God ken, bely jy Hom

Totius het vers 11 van hierdie Psalm op ’n merkwaardige manier berym: “Die hart van hul wat U bely, sal in u Naam standvastig bly.” Hoe het hy bely en ken bymekaar uitgebring?

Dawid loof die Here in hierdie Psalm oor groot verlossing uit die mag van die volk se vyande. Die goddelose mense het hulle probeer vernietig, maar die Here wat die wêreld oordeel, het sy volk se vyande uitgewis (vs 6-10). Dis dan dat Dawid in vers 10 sing dat die Here vir sy volk in benoudheid ’n rotsvesting is.

In vers 11 staan daar dan dat diegene wat die Here se Naam ken, op Hom sal vertrou. Teenoor die goddelose mense en die heidene wat God se Naam nie ken nie, staan die gelowige wat God se Naam ken. Wanneer ons God ken, dan bely ons sy Naam, juis wanneer ons in nood is. Die Here bring die gelowige tot daardie belydenis, want Hy verlaat sy kinders nie. In die aangesig van die dood bely ons God se Naam, want Hy verlaat sy kinders nie. Daarom het Totius dit so berym.

Dis die groot verskil tussen dié wat God ken, en dié wat Hom haat. Ons bely sy Naam, ons roep Hom in benoudheid aan, want ons ken Hom. Ons weet dat ons op Hom kan vertrou. Ons weet Hy het belowe dat Hy ons nooit sal verlaat nie. Daar was natuurlik Een wat sy Naam geken het, wat bely het God is sy Vader, wat God met sy hele lewe gesoek het – en tog het God Hom verlaat. Dis ons Here Jesus aan die kruis.

Daarom sal hierdie Psalm vir elke gelowige altyd waar wees. Ons kan op God vertrou en ons weet Hy sal ons nie verlaat nie. Bely die Here se Naam teenoor ’n wêreld wat Hom nie ken nie. Wees getroos dat die Een wie se Naam jy bely, jou in hierdie erkenning van sy Naam standvastig sal maak. Dat Hy jou nooit sal verlaat nie, al is jy hoe benoud.

*Sing: Psalm 9:5-7*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Cachet)*